

18 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 20:1-21:14 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 20:7,8; 21:14

Stel jou vertrou uitsluitlik op die Here

Die gelowige is voortdurend in oorlog gewikkel teen sy vyand, die Bose, die sonde. Koning Dawid stel vir ons die voorbeeld hoe ons hierdie oorlog tegemoet moet gaan. Uit Psalm 20 blyk dit dat voordat die koning en sy leër uittrek na die slagveld, hulle éérs na die plek van aanbidding gaan. Terwyl die priesters die offers bring, sing die tempelkoor en die volk 'n seënbede wat bestaan uit sewe keer: "Mag die HERE ..." (Sewe is 'n volheidsgetal.) Sekere offers word gebring. Die spysoffer bestaan uit die vrug van die land wat aan die Here gebring word as dankbaarheidsoffer vir al die seëninge wat reeds verkry is. Met die brandoffer is die dier, wat geheel en al verbrand word, simbolies daarvan dat die persoon wat offer homself geheel en al tot die beskikking van die Here stel.

Hierdie handeling en gebede kom kortliks daarop neer dat 'n dankbare soldaat hom tot die beskikking van die Here stel en nou van die Here vra dat die Here by hom sal wees in hierdie oorlog. Hy stel sy vertrou uitsluitlik op die Here. Hy glo vas en seker dat hy deur God se krag die oorwinning sal behaal. Hierin sal hy roem.

In Psalm 21 blyk dit dat die oorwinning behaal is en dat die Here die gebede verhoor het. Die Here het die vyand verslaan. Daarom wil die digter die Here eer met psalmgesang!

Só moet ek en jy in ons stryd teen die Bose in dankbaarheid na die Koning van die konings gaan, ons leeg maak voor God, ons geheel en al tot die beskikking van God stel en ons vertrou uitsluitlik op Hom alleen stel. Ons kan dit met soveel oortuiging doen omdat die oorwinning oor die Bose alreeds behaal is deur ons Here Jesus Christus toe Hy die dood oorwin en na die hemel opgevaar het. Daarom moet ons aan die Here alleen die eer gee en in Hom roem.

Sing: Skrifberyming 8:1,2,4

Ds AH Stavast (Mosselbaai)